

**SONDAG 30**

**VRAAG EN ANTWOORD: 82**

|  | Teks | 1933/53-vertaling  | 1983/91-vertaling  |
|--|------|--------------------|--|
| Vraag: Moet die mense ook aan die nagmaal toegelaat word wat met hulle belydenis en lewe wys dat hulle ongelowig en goddeloos is?  |      |                    |  |
| <p>Antwoord: Nee, want so word die verbond van God ontheilig en sy toorn oor die hele gemeente opgewek.</p>  | 1    | Psalm 50:16        | Maar aan die goddelose sê God: Wat vertel jy nog my insettinge en neem jy my verbond in jou mond -   |
|  |      | Jesaja 1:11        | Wat het Ek aan die menigte van julle slagoffers? Sê die HERE. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van vetgemaakte kalwers; en Ek het geen behae in die bloed van stiere of lammers of bokke nie.  |
|  |      | Jesaja 66:3        | Wie 'n bees as offer slag, is soos hy wat 'n man doodslaan; wie 'n lam offer, soos hy wat 'n hond se nek breek; wie 'n spysoffer bring - dit is varkbloed; wie wierook as gedenkoffer bring, is soos hy wat 'n afgod prys. Soos hulle hul eie weë verkies het en hulle siel 'n behae het in hul verfoeisels, |
|  |      | Jeremia 7:21       | So sê die HERE van die leërskaar, die God van Israel: Voeg julle brandoffers by julle slagoffers en eet vleis.   |
|  |      | 1 Korintiërs 11:20 | As julle dus saamkom, dan wil dit nie sê dat julle die nagmaal van die Here eet nie.   |
|  |      | 1 Korintiërs 11:34 | en as iemand honger het, laat hom by die huis eet, sodat julle nie tot 'n oordeel saamkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek kom.  |
| <p>Die mense offer bulle maar hulle maak ook mense dood as offers, hulle offer lammers maar hulle breek ook honde se nekke as offers, hulle bring graanoffers maar ook offers van varkbloed, hulle offer wierook maar hulle prys ook afgode; hulle het besluit om hulle eie kop te volg, hulle is lief vir hulle afskuwelike afgodsoffers.</p> <p>So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Bring nog meer brandoffers saam met julle offers en eet die vleis.</p> <p>As julle dan as gemeente saamkom, is dit nie meer die nagmaal van die Here wat julle vier nie,</p> <p>As een van julle honger is, moet hy liever by die huis eet, sodat julle nie 'n oordeel oor julle bring as julle bymekaarkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek daar kom.</p> |      |                    |  |
| <p>Daarom is die Christelike kerk volgens die bevel van Christus en sy apostels verplig om sulke mense met die sleutels van die koninkryk van die hemel uit te sluit, totdat hulle verbetering van hulle lewe bewys.</p>   |      |                    |  |